

Laat sy Liefde jou Lei: Hoe sien jy die wêreld?

Laat sy Liefde jou Lei: Hoe sien jy die wêreld? –
Milanie Vosloo

Hoe sien jy die wêreld?

Jou oog is 'n lamp vir jou liggaam. 'n Suiwer oog laat die lig na binne stroom sodat jy daarbinne geheel en al lig word. Matteus 6:22

Wat laat jou hart klop? Is dit jou omstandighede, die sukses in jou werk, die kwaliteit van jou verhoudings, jou besittings of jou prestasies? Of is daar iets anders wat jou lewenskwaliteit bepaal? Iets wat jou góéd laat voel?

Dis belangrik om mooi oor hierdie vrae te dink. Want, sê Jesus hier in sy bergrede: die manier hoe jy na die lewe kyk, bepaal hoe jy dit beleef. As jy eksterne dinge as belangrik beskou, sal die kwaliteit en waarde daarvan verseker jou hele wese beïnvloed. Wanneer jy egter deur die Lig in jou na die wêreld kyk, sien jy alles in en om jou in 'n totaal ander lig. Dan beoordeel jy jouself, dit wat met jou gebeur, ander mense en dinge met 'n ander maatstaf: dan meet jy die waarde daarvan met die ewigheid-skaal.

Wanneer aardse dinge tussen jou en God staan, “ ... versper dit die lig en jou binneste bly (jy) geheel en al donker. As die lig wat jy gedink het jy het, in werklikheid donkerte is, hoe

pikswart is jou donker dan nie!” (Matt 6:23)

In alles wat met jou gebeur en in elke mens is daar lig én donker. Die ingesteldheid van jou hart bepaal egter waarop jy fokus. Mag jy vandag die wêreld deur God se liefdeslig in jou sien.

Plaas u lig in my, Gees van God: u heilige lig van liefde.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit Milanie Vosloo se boek: Laat sy Liefde jou Lei, publiseer. Ons dank aan Milanie Vosloo en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: [Milanie Vosloo](#)

Laat sy Liefde jou Lei: Die Gees bid vir jou

Laat sy Liefde jou Lei: Die Gees bid vir jou – Milanie Vosloo

Die Gees bid vir jou!

Julle het die die Gees van ware kindwees ontvang en deur hierdie Gees roep julle uit tot God: Abba – ons liewe Vader. Romene 8:15b

Soms kan ons eenvoudig nie bid nie! Dis asof ons self nie mooi weet wat ons nou eintlik vir God wil sê of vra nie. Of ons weet dalk wat ons wil hê, maar kan net nie met Hom kontak maak nie. Ander kere ontbreek die regte woorde eenvoudig.

Die Woord leer ons egter dat ons nie altyd hóéf te weet wat en hoe ons moet bid nie. Want die Gees doen daardie werk vór ons. Ons kan maar net ons gedagtes op Hom rig en vra: “Bid vir my, Gees van God.” Paulus se brief aan die Romeine stel dit so mooi:

Die Gees van God help ons ook nog boonop met ons onbeholpenheid. Ons weet immers nie mooi wat en hoe ons moet bid nie. Maar die Gees self neem ons gebedsbehoefte voor God op met versugting wat nie in menslike taal verwoord kan word nie. Dié God wat die dieptes van elke hart deurgrond, weet wat die Gees in die oog het – dat Hy in harmonie met God se wil vir die gelowiges intree. En ons weet dat God alles ten goede laat saamwerk vir hulle wat Hom liefhet, hulle wat geroep is volgens sy wil vir hulle lewe. (Romeine 8:26-28)

Fokus op hierdie oomblik jou gedagtes net op die Gees in jou en weet dan: Hy tree reeds vir jou in.

Sal U gedurig vir my bid, asseblief Heilige Gees?

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit Milanie Vosloo se boek: Laat sy Liefde jou Lei, publiseer. Ons dank aan Milanie Vosloo en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: [Milanie Vosloo](#)

Laat sy Liefde jou Lei: Die Heilige is heeltyd by jou

Laat sy Liefde jou Lei: Die Heilige is heeltyd by jou – Milanie Vosloo

Die Heilige is heeltyd by jou

Maar dié wat deur die Gees beheer word – hulle gedagtes is vol van die dinge wat die Gees gelukkig maak. As die sondige natuur jou denke oorheers, lei dit tot die dood. Maar as die Gees jou denke oorheers, beteken dit vir jou ware lewe en vrede. Romeine 8:5b-6

Kinders van God is so bevoorreg! Hulle is nooit alleen nie omdat die Heilige – God sêlf – in hulle teenwoordig is. Daar waar ons elke dag ons gewone lewe leef, as gesin saam is, met ons werk voortgaan, saam met ander kuier, inkopies doen en kos maak ... dáár is Hy deel van ons. En daar in ons alledaagse leefwêreld wil Hy:

- gedurig aan ons bevestig dat ons God se kinders – sy ryk erfgename – is (Romeine 8:15-17);
- die heeltyd vir en namens ons by die Vader intree (Romeine 8:26-29);
- ons help om die vrug van die Gees uit te leef (Galasiërs 5:22); en
- ons toerus met die Gawes van die Gees (1 Korintiërs 12-14).

Daar waar jy vandag jou lewe gaan leef, jou dagtaak gaan uitvoer, saam met ander gaan verkeer, daar is die Gees één met jou en wil Hy jou help om as sy geheiligde kind te leef. Nie

'n sondelose, hooghartige heilige nie, maar as 'n mens wat in ooreenstemming met sy wil leef. 'n Mens wie se lewenswandel wys: Die God-van-liefde leef deur my.

Gaan leef vandag met oorgawe in dié wete dat die Gees van God sêlf saam met jou gaan.

Vandag wil ek in alles op U fokus, Heilige Gees.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit Milanie Vosloo se boek: Laat sy Liefde jou Lei, publiseer. Ons dank aan Milanie Vosloo en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: [Milanie Vosloo](#)

Laat sy Liefde jou Lei: Waarom het Hy die Gees gestuur?

Laat sy Liefde jou Lei: Waarom het Hy die Gees gestuur? – Milanie Vosloo

Waarom het Hy die Gees gestuur?

Die “Here” dui hier op “die Gees” en waar die Gees van die

Here is, heers daar vryheid. 2 Korintiërs 3:17

Sonder die Gees van God sou ons brandarm kinders van die Heilige gewees het! Want sonder Hom sou ons hoegenaamd nie in staat wees om soos sy kinders te lyk nie. Daarom het ons alwetende Vader, ná die hemelvaart van sy Seun, ons met die teenwoordigheid van sy Gees geseën het. Dié Gees wat:

- persoonlik in elkeen van ons kan leef;
- ons daarvan kan oortuig dat ons kinders van God is;
- ons help om as vervulde geloofsmense te leef; en
- ons wil lei om geestelik te groei.

In 2 Korintiërs 3:18b verduidelik Paulus dit soos volg: ... Ons word al hoe meer verander om soos die Here te lyk, met 'n heerlijkheid wat steeds toeneem namate die Here, dit is die Gees, dit aan ons gee.

Die Gees is dus daar om ons op 'n dinamiese manier te lei en gedurigdeur te hervorm sodat God al hoe meer sigbaar in ons lewens kan word. Hoe meer ons Hom toelaat om dit te doen, hoe duideliker word sy beeld in ons en hoe meer sal ander agterkom dat die Gees ons voortdurend verander.

Terwyl Christus die brug tussen ons en God gebou het, is die Gees daar om ons te oortuig om oor die brug te stap! Stap jy elke dag getrou agter Hom aan?

Gees van God, maak my ontvanklik vir u werking in my lewe en help my om U getrou te volg.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit Milanie Vosloo se boek: Laat sy Liefde jou Lei, publiseer. Ons dank aan Milanie Vosloo en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by

www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: [Milanie Vosloo](#)